As ek byvoorbeeld my kind kliniek toe neem en nog by die werk kan kom, moet die baas net 'n halwe dag verlof neem, en my betaal vir die oggend wat ek by die kliniek was.

## Moet ek die baas bewys gee?

Ja, 'n baas kan my vra vir 'redelike' bewys waarom ek gesinsverantwoordelikheidsverlof moet neem.

## Wat gebeur as ek nie al 3 dae opgebruik nie?

Ek verloor die dae wat ek nie vir gesinsverantwoordelikheidsverlof gebruik nie. Met ander woorde, ek sal nie die ongebruikte dae na die volgende verlofsiklus oordra nie. Ek sal ook nie vir die ongebruikte dae uitbetaal word nie.

## Wat kan ek doen as my baas my nie gesinsverantwoordelikheidsverlof gee nie?

As ek slegs deur die BCEA of deur 'n sektorale vasstelling gedek word, moet ek die baas by my naaste Departement van Arbeid kantoor aanmeld. As ek deur 'n bedingingsraad gedek word, moet ek die baas by die bedingingsraad agente aanmeld. Ek kan die Casual Workers Advice Office kantoor skakel as ek nie seker is of ek deur die BCEA, 'n sektorale vasstelling of 'n bedingingsraad gedek word nie.

**CWAO:**

**082 812 1934**
**076 551 7112**
**2 High Road,**
**Georgetown,**
**Germiston,**
**GAUTENG**




**Afrikaans -** *Family Responsibility Leave*

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

# Gesinsverantwoordelikheids-verlof
# *(Family Responsibility Leave)*

## Kwalifiseer ek vir gesinsverantwoordelikheidsverlof?

Ek kwalifiseer as ek vir meer as 4 maande vir my baas gewerk het, en ek werk vir ten minste 4 dae per week.

## Wanneer kan ek gesinsverantwoordelikheidsverlof neem?

Ek kan gesinsverantwoordelikheidsverlof neem:

1. Wanneer my kind gebore word
2. Wanneer my kind siek is
3. Wanneer my eggenoot (man, vrou of lewensmaat), ouer, aanneemouer, grootouer, kind, aangenome kind, kleinkind, broer of suster sterf.

## Hoeveel gesinsverantwoordelikheidsverlof kry ek per jaar (jaarlikse verlofsiklus)?

Ek kry 3 dae betaalde gesinsverantwoordelikheid vir die 12 maande van my jaarlikse verlofsiklus.

## Moet ek 'n volle dag verlof neem of kan ek 'n halwe dag neem?

Ek hoef nie 'n volle dag verlof te neem nie. Ek kan 'n halwe dag neem.